# DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

## JAARBOEK

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

VOORGRAADSE PROGRAM

## 2010

**DEKAAN:**
**VAKANT**
**FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE-GEBOU**
**KAMER D202**
**TELEFOONNOMMER: 4053911 X 23012**

# INHOUD

## ALGEMEEN

Kontakpersone 2
Personeel 3
Skool vir Verpleegkunde: Akademiese personeel 3
Woordomskrywing 4

## REGULASIES

B.Soc.Sc. Verpleegkunde 7
Leerinhoude 21

**Behou hierdie jaarboek vir die res van die studietydperk aangesien dit op u van toepassing sal wees totdat u u studies voltooi het.**

## KONTAKPERSONE

Indien u navrae oor die voorgraadse program in die Skool vir Verpleegkunde het, kan u een van die volgende persone kontak:

**PROGRAMDIREKTEUR: VOORGRAADSE PROGRAM**


Dr R. Myburgh
Skool vir Verpleegkunde (99)
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 401-2684/2361
Faks: (051) 401-9139
E-pos: gnvkrm.MD@mail.uovs.ac.za


**SKAKELBEAMPTE**


Mev. M. Jacobs
Skool vir Verpleegkunde (99)
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 401-9171
Faks: (051) 401-9139
E-pos: gnvkmj.MD@mail.uovs.ac.za


**DIREKTEUR: ADMINISTRASIE**


Mev M. Viljoen
Interne posbus G40
Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
Bloemfontein 9300

Tel: (051) 405-3013
Faks: (051) 444-3103
E-pos: ViljoenMA.MD@ufs.ac.za


**LET WEL: Meld asseblief u studentenommer op alle korrespondensie aan die Universiteit**

# PERSONEEL

HOOFDE VAN DEPARTEMENTE/PROGRAMME/KOöRDINEERDERS WORD MET 'N * AANGEDUI:

**DEKAAN**:
Vakant

**AFDELING ONDERWYSONTWIKKELING:**
*Prof. M.M. Nel; Dr. J. Bezuidenhout

**AFDELING VIR DIE ONTWIKKELING VAN STUDENTELEER:**
*Mev M.P. Jama

**SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE: AKADEMIESE PERSONEEL**

**HOOF**:
*Prof A.S. van der Merwe

**PROGRAM DIREKTEUR: VOORGRAADS:**
*Dr R. Myburgh

**AFDELING VIR VERPLEEGKUNDIGE ADMINISTRASIE (VOORGRAADS):**
Mev M. Jacobs

**SIMULASIELABORATORIUM:**
*Mev M. Jacobs

**ALGEMENE VERPLEEGKUNDE:**
*Mev J.C. de Villiers; *Mev M.J. MacKenzie; Mej L. Nogabe; Mev L. van Dyk
Mnr T. Mokhobo

**PSIGIATRIESE VERPLEEGKUNDE:**
*Dr I. Venter

**VERLOSKUNDIGE VERPLEEGKUNDE:**
*Dr R. Myburgh; Mev R. Mpeli; Me M. Lesia

**VERPLEEGSORGDINAMIKA:**
*Dr D. Botha

# WOORDOMSKRYWING

Om meer duidelikheid en 'n eenvormige interpretasie te verseker, word die betekenis van die onderstaande woorde, wat in die algemene regulasies gebruik word, hieronder omskryf:

***Assessering***
Dit is die proses waardeur die bekwaamheidsvlak van studente bepaal word en behoort uitgevoer te word deur middel van ‘n verskeidenheid van assesseringsmetodes oor ‘n tydperk en in ‘n verskeidenheid van verbande.

***Deurlopende assessering***
Deurlopende assessering maak deel uit van die assessering van 'n module op 'n deurlopende basis.

***Assessor***
Die dosent in die betrokke module wat die vrae stel en die assesseringskrifte nasien of mondelinge assesserings en/of praktiese assesserings beoordeel.

***Assesseringsyfer***
Die punt wat 'n student tydens die assessering gesamentlik in 'n betrokke vraestel of vraestelle van ‘n module behaal.

***Assesseringtydperk***
Die tydperk aan die einde van elke semester soos aangedui in die universiteitskalender, waarin assesserings afgeneem word.

***Geleentheidsleerder***
'n Student wat aan die toelatingsvereistes van die universiteit voldoen en wat vir modules inskryf wat deel vorm van goedgekeurde kwalifikasies maar wat nie vir 'n graad of diploma registreer nie.

***Gesamentlike syfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot ‘n persentasieheelgetal, van die semestersyfer/modulesyfer/ jaarsyfer en assesseringsyfer.

***Halfjaarsyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde kursus en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Hoofvakke***
Kursusse wat 'n student op die hoogste vlak in 'n besondere kurrikulum geslaag het of kursusse wat deur die betrokke fakulteitsregulasie as hoofvak aangedui word.

***Interne moderator***
'n Persoon wat op die permanente diensstaat van die universiteit is en wat toesien dat assessering volgens die gespesifiseerde leeruitkomstes op die verlangde vlak van bekwaamheid is.

***Jaarsyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot 'n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die jaar in 'n bepaalde kursus en bereken op 'n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Kurrikulum***
‘n Reeks kursusse uit verskillende vakgebiede saamgegroepeer oor ‘n spesifieke tydperk en volgorde as ‘n graad- of diploma-eenheid.

***Program***
‘n Program is die oorkoepelende fokus van die verskillende leerprogramme waaruit die program saamgestel is. ‘n Program is die akademiese verbesondering van een of meer strategiese fokusse van die UV.

***Registrasie***
‘n Jaarliks kontraktuele verbintenis tussen die universiteit en die student ooreenkomstig die voorgeskrewe prosedures.

***Semesterstelsel***
Impliseer dat die akademiese jaar in twee onafhanklike semesters verdeel word, en dat assessering afgelê word aan die einde van elke semester.

***Modulesyfer***
Die berekende syfer afgerond tot ‘n persentasieheelgetal, van 'n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk in ‘n bepaalde module en bereken op ‘n wyse soos vervat in die modulehandleiding.

***Semestersyfer***
Die rekenkundige gemiddelde, afgerond tot ‘n persentasieheelgetal, van ‘n student se skriftelike, mondelinge en/of praktiese werk gedurende die semester in 'n bepaalde kursus en bereken op ‘n wyse soos deur die betrokke fakulteit voorgeskryf.

***Sillabus***
‘n Indeling van die leerstof van ‘n spesifieke vak sodat dit metodies oor die semesters/jare verdeel is.

***Statuut***
Die statuut van die Universiteit van die Vrystaat soos gewysig en uitgevaardig kragtens artikel 32 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet nr 101 van 1997 soos gewysig) en ingevolge die bepalings van artikel 33 van genoemde Wet met die goedkeuring van die Minister van Onderwys afgekondig is.

***Toelatingsyfer***
Die jaar- of semestersyfer of modulesyfer wat as toelatingsvereiste tot die eindassessering in die kursus geld.

***Vak***
'n Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

***Module***
‘n Module is ‘n samehangende, selfstandige leereenheid wat ontwerp is om ‘n stel spesifieke leeruitkomstes te bereik. In ‘n modulêre kwalifikasiestruktuur het ‘n module ‘n standaardgrootte en aangewese gewigstoekenning en vlak in die leerprogram. ‘n Module kan ‘n fundamentele, kern- en elektiewe funksie in ‘n leerprogram vervul.

***Vraestel***
'n Vorm van assessering bestaande uit ‘n stel vrae, mondeling en/of skriftelik, oor ‘n module(s) of gedeelte daarvan wat tydens die assesseringsgeleentheid gestel word.

***Eindassessering***
Eindassessering is summatief van aard en daarop gerig om te bepaal of die student die vereiste vlak van bekwaamheid soos deur die leeruitkomste gestel, bereik het. Eindassessering het die integrering van die onderskeie komponente van die betrokke module ten doel.

***Finale syfer***
Die berekende syfer van die modulesyfer en assesseringsyfer, afgerond tot 'n persentasieheelgetal.

***Promoveringskursus***
'n Promoveringskursus word oor 'n tydperk van een jaar aangebied, waarna studente 'n eindevaluering aflê. 'n Student moet aan bepaalde promoveringsvereistes voldoen om, benewens ander slaagvereistes, na die volgende studiejaar bevorder te word.

***Voortsettingskursus***
Die betrokke voortsettingskursus dien as voorbereidende studie vir die daaropvolgende studiejaar. Die finale punt behaal in 'n voortsettingskursus word oorgedra na die daaropvolgende studiejaar. Geen slaagvereistes word ten opsigte van 'n voortsettingskursus gestel nie.

***Dissipline***
'n Gespesialiseerde en afgebakende studieveld.

***Gesertifiseerde/Gediplomeerde/Gegradueerde***
'n Student wat aan die minimum vereistes van die betrokke kwalifikasie voldoen en waarin die student, na assessering die vereiste vlak van bekwaamheid bereik het.

***Kwalifikasie***
In 'n uitkomsgebaseerde benadering verwys 'n kwalifikasie na die sertifisering van bereikte leeruitkomstes van 'n leerprogram, uitgedruk as akkumulering van krediete op spesifieke vlakke. 'n Kwalifikasie verteenwoordig die gedemonstreerde prestasie van 'n student in beplande en doelgerigte kombinasie van leeruitkomstes, wat daarop gerig is om studente met toegepaste bevoegdheid en 'n basis vir verdere leer toe te rus.

***Leerprogram***
'n Leerprogram is die struktuur waarbinne die kumulatiewe leer wat 'n student suksesvol moet deurloop om die uittreevlakuitkomstes van 'n kwalifikasie te bemeester, aangedui word. Die struktuur bestaan uit 'n samehangende kombinasie van modules/leereenhede, uitgedruk in uitkomsgebaseerde formaat en wat 'n akademiese en/of professionele/beroepsgerigte fokus het. Studente mag op verskillende punte of vlakke tot die leerprogram toetree en ook op betekenisvolle punte of vlakke uittree.

***Leeruitkoms***
'n Leeruitkoms is die kontekstueel gedemonstreerde eindproduk van die leerproses. 'n Uittreevlakuitkoms is die leeruitkoms wat deur die kwalifiserende student bereik moet word op die stadium waartydens uit die leerprogram wat tot die betrokke kwalifikasie lei, uitgetree word. 'n Spesifieke leeruitkoms is kontekstueel gedemonstreerde kennis, vaardighede en waardes wat een of meer kritiese uitkomstes ondersteun en 'n verbesondering van die uittreevlakuitkomstes is.

***Veronderstelde leeruur***
Veronderstelde leerure impliseer die ingeligte beraming van die gemiddelde leertyd wat 'n gemiddelde student spandeer om die verwagte leeruitkoms(-tes) te bereik. Sodanige leertyd sluit kontaktyd, praktiese werk selfstandige en begeleide studie en assesseringtyd in. Een krediet is ekwivalent aan tien veronderstelde leerure.

## REGULASIES VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SOCIETATIS SCIENTIAE IN VERPLEEGKUNDE
## B.SOC.SC. (Verpleegkunde) Studiekode 02320

### INLIGTING

Die B.Soc.Sc. graad is ‘n vierjarige geïntegreerde program wat met die samewerking van verskeie diensdepartemente en gesondheidsdiensinstansies die student in staat stel om as ‘n Verpleegkundige (Algemeen, Psigiatrie en Gemeenskapsgesondheid) en Vroedvrou by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging (SARV) te registreer.

### Reg V1: TOELATINGSVEREISTES EN KEURING

Weens die hoë eise van die verpleegprofessie en beperkte praktykopleidingsfasiliteite word voornemende studente aan keuring onderwerp. Die universiteit behou die reg om inligting te vra of te bekom om die keuringsproses te kan uitvoer.

Volgens Algemene Regulasie A2(a) moet studente oor die volgende beskik om toelating tot die B.Soc.Sc. graad in Verpleegkunde te verkry:

‘n Nasionale senior sertifikaat met ‘n toelatingspunt van 28

Wiskunde = Prestasievlak 3 (40%)
OF
Wiskundige geletterdheid = Prestasievlak 5 (60%)
Lewenswetenskappe = Prestasievlak 5 (60%)
OF
Fisiese Wetenskappe = Prestasievlak 4 (50%)
Inligtingstegnologie
OF
Rekenaartoepassingstegnologie (aanbeveling)

**Vereistes vir studente wat voor 2009 gematrikuleer het:**

- ‘n geëndosseerde senior sertifikaat met die vereiste M-telling van 28 (op die Sweedse formule)

of

- ‘n voorwaardelike vrystellingsertifikaat wat deur die Matrikulasieraad uitgereik is

Volgens Algemene Regulasie A2(c) sal studente met ‘n M-telling van 27 slegs tot die keuringsproses toegelaat word via die Kovsie Inligtingsdiens in oorleg met die Dekaan.

Volledig voltooide keuringsvorms word aan een van twee keuringsprosesse onderwerp:

- 14 September (laaste dag vir eerste keuring vir die B.Soc.Sc. graad in Verpleegkunde)
- 31 Januarie (laaste dag vir tweede keuring vir die B.Soc.Sc. graad in Verpleegkunde

Om 'n plek te verseker, moet studente wat vir die graad gekeur is voor toelating 'n deposito betaal. Die deposito is van die klasgelde aftrekbaar. Indien 'n student voor 31 Desember van die voornemende jaar van studie kanselleer, sal 25% van die deposito terugbetaal word. Daarna is geen gelde terugbetaalbaar nie.

## Reg V2: ERKENNING VAN VORIGE LEER

Vorige leer word erken deur middel van:

- portfolio voorleggings;
- toetse en/of;
- eksamens en/of;
- kliniese vaardigheidstoetse en/of;
- objektief gestruktureerde kliniese evaluering;
- ander relevante metodes soos deur Hoof van Skool bepaal.

## Reg V3: KONTAKSESSIES

a) Alle geskeduleerde verpleegkunde praktiese kontaksessies (VRP114, 124, 214, 224, 314 en 324) is verpligtend. Studente wat nie alle Verpleegkunde praktiese kontaksessies bywoon nie, sal nie tot die betrokke eksamen toegelaat word nie. Spesiale reëlings sal egter getref word wanneer studente dit om aanvaarbare redes nie kan bywoon nie. In die geval van Verloskunde en Psigiatrie is die praktiese kontaksessies by die teoretiese kontaksessies geïntegreer en geld hierdie regulasie nie, maar is afdeling (b) van hierdie regulasie van toepassing.

b) Alle teoretiese kontaksessies wat binne die Fakulteit Gesondheidswetenskappe bygewoon word, is verpligtend. Studente wat minder as 80% van kontaksessies van 'n module bygewoon het, sal nie toegelaat word om aan die evaluering aan die einde van die module deel te neem nie en sal beskou word as sou hulle die module gedruip het en sal nie vir die tweede evaluering in aanmerking kom nie.

## Reg V4: HERTOELATING EN VORDERING

Regulasie A19 is van toepassing.

(a) Die omvang en die rooster van modules waarvoor studente mag registreer, word in oorleg met die Hoof van die Skool en die Voorgraadse Programdirekteur gereël.

(b) Geen student kan vir 'n alternatiewe module in die plek van 'n bestaande module van die goedgekeurde kurrikulum registreer nie, tensy betrokke modules aanmekaar gelyk gestel is.

(c) Teoretiese en/of praktiese Verpleegkunde module(s) moet suksesvol afgelê word, alvorens 'n student vir teoretiese en/of praktiese Verpleegkunde module(s) in enige daaropvolgende akademiese jare kan registreer. 'n Uitsondering op die reël kan slegs in oorleg met die Dekaan geskied.

(d) Indien **enige** module(s) van die eerste en/of tweede akademiese jaar uitstaande is, kan 'n student nie na die derde akademiese jaar bevorder word nie. 'n Uitsondering op die reël kan slegs in oorleg met die Dekaan geskied.

(e) 'n Student wat nie ten minste 50% van die aantal geregistreerde modules per jaar slaag nie, sal nie tot die program hertoegelaat word nie.

## Reg V5: KLINIESE PRAKTIKA

**Kliniese praktika is verpligtend en bestaan uit twee komponente naamlik:**

- **geskeduleerde Verpleegkunde praktiese kontaksessies en**
- **geskeduleerde kliniese praktika in gesondheidsdiensinstansies.**

a) Kliniese praktika moet in gesondheidsdiensinstansies wat deur die SARV geakkrediteer is, deurloop word.

b) Alle fasette van die kliniese praktika, met inbegrip van die omvang en rooster, word deur die Hoof van die Skool gereël.

c) Die vereiste tydperk en kliniese uitkomste moet voltooi word, alvorens studente as 'n Algemene, Psigiatriese en Gemeenskapsverpleegkundiges en Vroedvroue by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging kan registreer.

d) Dit sal van studente verwag word om kliniese praktika gedurende naweke, publieke vakansiedae en universiteitsvakansies te doen.

e) Voorgeskrewe kliniese praktika soos omskryf in die toepaslike modulegids word vereis vir toelating tot praktiese eksamens.

## Reg V6: SLAAGVEREISTES

**Algemene Regulasie A15 en A17 is hier van toepassing asook die bepaling van T17(b).**

a) Waar meer as een teoretiese vraestel in 'n module afgelê word, moet 'n subminimum van 40% per vraestel en 'n gesamentlike syfer van 50% behaal word.

b) Promovering vind nie in enige Verpleegkunde-modules plaas nie.

c) Die modulesyfer van 'n praktiese module dra 50% en die eksamensyfer 50% tot die gesamentlike syfer by. 'n Subminimum van 50% moet in die praktiese eksamen behaal word.

d) Studente wat in die finale jaar die VRP404 module druip, kan binne 6 maande geëksamineer word. Hulle registreer dan vir VRP414.

e) Studente wat in die finale jaar die NPP404 module druip, kan binne 6 maande geëksamineer word. Hulle registreer dan vir PSP414 of PSP424.

f) Indien die student nie kwalifiseer vir toelating tot die eerste kliniese eksamengeleentheid nie, kan toelating tot die tweede eksamengeleentheid slegs met aanbeveling van die Hoof van die Skool geskied.

**Reg V7: KWALIFIKASIE MET LOF**

Die graad word met lof toegeken indien:

- in al die Verpleegkunde-modules 'n gesamentlike gemiddelde syfer van 75% behaal word;
- in enige 10 resterende modules 'n gesamentlike gemiddelde van minstens 70% behaal word; en
- die graad hoogstens in die minimum voorgeskrewe tydperk plus een jaar behaal word.

**Reg V8: REGISTRASIES BY DIE SUID-AFRIKAANSE RAAD OP VERPLEGING**

Studente in Verpleegkunde is verplig om by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as studente in Verpleegkunde te registreer. Studente sal deur die Universiteit verwittig word wanneer sodanige registrasie moet geskied.

Studente sal na die suksesvolle aflegging van die B.Soc.Sc. (Verpl.)-graad by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging as Verpleegkundiges (Algemeen, Psigiatrie en Gemeenskapsgesondheid) en Vroedvroue registreer.

**Reg V9: AANBIEDING VAN MODULES EN VOORVEREISTES**

VRT116 en VRP114 moet gelyktydig aangebied word.
VRT128 en VRP124 moet gelyktydig aangebied word.
VRT219 en VRP214 moet gelyktydig aangebied word.
VRT227 en VRP224 moet gelyktydig aangebied word.
NUR316 en VRP314 moet gelyktydig aangebied word.

NUR326 en VRP324 moet gelyktydig aangebied word.
VER415 en VER424 en VRP404 moet gelyktydig aangebied word.
PSI415 en PSI424 en NPP404 moet gelyktydig aangebied word.

## Reg V10: LEERPROGRAM (KURRIKULUM)

**Leerprogram vir B.Soc.Sc. (Verpl.) graad met endossement Algemene Verpleegkunde, Gemeenskapsverpleegkunde, Psigiatriese Verpleegkunde en Verloskunde**

### Eerstejaar

| SEMESTER 1 | | SEMESTER 2 | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Krediete** | **Module** | **Krediete** |
| Verpleegkunde VRT116 | 24 | Verpleegkunde VRT128 | 32 |
| Verpleegkunde prakties VRP114 | 16 | Verpleegkunde prakties VRP124 | 16 |
| Sielkunde PSY152 | 8 | Mikrobiologie MCB224 | 16 |
| Sosiologie SOS152 | 8 | Anatomie en Fisiologie teorie BMN124 | 16 |
| Chemie CEM112 | 8 | Anatomie en Fisiologie prakties BMN143 | 12 |
| Mikrobiologie MCB214 | 16 | | |
| | 80 | | 92 |

Kliniese praktika in geakkrediteerde gesondheidsdiensinstansies: 32 krediete.

### Tweedejaar

| SEMESTER 1 | | SEMESTER 2 | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Krediete** | **Module** | **Krediete** |
| Verpleegkunde VRT217 | 28 | Verpleegkunde VRT229 | 36 |
| Verpleegkunde prakties VRP214 | 16 | Verpleegkunde prakties VRP224 | 16 |
| Farmakologie FRM212 | 8 | Sosiologie SOS224 | 16 |
| Anatomie en Fisiologie teorie BMN214 | 16 | Farmakologie FRM222 | 8 |
| Anatomie en Fisiologie prakties BMN233 | 12 | | |
| | 80 | | 76 |

Kliniese praktika in geakkrediteerde gesondheidsdiensinstansies: 30 krediete.

### Derdejaar

| SEMESTER 1 | | SEMESTER 2 | |
|---|---|---|---|
| **Module** | **Krediete** | **Module** | **Krediete** |
| Verpleegkunde NUR316 | 24 | Verpleegkunde NUR326 | 24 |
| Verpleegkunde prakties VRP314 | 16 | Verpleegkunde prakties VRP324 | 16 |
| Gesondheidsorgdinamika GSD314 | 16 | Sielkunde PSY224 | 16 |
| Geneeskundige fisika BFS312 | 8 | | |
| Navorsing RES304 | 16 | | |
| | 80 | | 56 |

Kliniese praktika in geakkrediteerde gesondheidsdiensinstansies: 43 krediete.

**Vierdejaar**

| SEMESTER 1 | | SEMESTER 2 | |
|---|---|---|---|
| **MODULE** | **KREDIETE** | **MODULE** | **KREDIETE** |
| Verloskunde teorie VER415 | 20 | Verloskunde teorie VER424 | 16 |
| Psigiatrie teorie PSI415 | 20 | Psigiatrie teorie PSI424 | 16 |
| Verloskunde prakties VRP404 | 16 | | |
| Psigiatrie prakties NPP404 | 16 | | |
| | 72 | | 32 |

Kliniese praktika in geakkrediteerde gesondheidsdiensinstansies: 72 krediete. **Totaal: 745**

BRS111: Rekenaargeletterdheid (4 krediete) word aanbeveel vir studente wat nie rekenaarvaardig is nie.

| | |
|---|---|
| VRT116/128/219/227 | Verpleegkunde |
| NUR316/326 | Verpleegkunde |
| VRP114/124/214/224/314/324 | Verpleegkunde prakties |
| VRP404 | Verloskundige Verpleegkunde prakties |
| NPP404 | Psigiatriese Verpleegkunde prakties |
| VER415/424 | Verloskundige Verpleegkunde |
| GSD314 | Gesondheidsorgdinamika |
| PSI415/PSI424 | Psigiatriese Verpleegkunde |
| PSY152/312 | Sielkunde |
| PSY332 | Sielkunde |
| SOS152/224 | Sosiologie |
| CEM112 | Chemie |
| MCB214/224 | Mikrobiologie |
| BFS312 | Geneeskundige Fisika |
| FRM212/222 | Farmakologie |
| BMN124 | Anatomie en Fisiologie teorie |
| BMN143 | Anatomie en Fisiologie prakties |
| BMN214 | Anatomie en Fisiologie teorie |
| BMN233 | Anatomie en Fisiologie prakties |
| RES304 | Navorsing |

**Reg V11: GELYKSTELLINGSKODES**

Studente wat tot 1997 vir die B.Soc.Sc.(Verpleegkunde)-graad geregistreer is, voltooi die graad ooreenkomstig die regulasies wat van toepassing was tot 1997. In spesiale omstandighede kan studente in oorleg met die Hoof van die Skool en die Dekaan vir die nuwe pakket registreer.

Vir erkenningsdoeleindes geld die volgende gelykstellings:

| Naam van kursus | Kode | Naam van kursus | Kode |
|---|---|---|---|
| Anatomie | ANB125 | Anatomie | ANB115 |
| Anatomie | ANB215 | Anatomie | ANB125 |
| Fisiologie | FFB125 | Fisiologie | FFB125 |

| Naam van kursus | Kode | Naam van kursus | Kode |
|---|---|---|---|
| Fisiologie | FFB215 | Fisiologie | FFB200 |
| Geneeskundige Fisika | BFS115 | Geneeskundige Fisika | BFS125 |
| Verloskundige Verpleegkunde | VRT416 of 426 | Verloskundige Verpleegkunde | VRT316 en 326 |
| Psigiatriese Verpleegkunde | VRT417 of 427 | Psigiatriese Verpleegkunde | VRT317 en 327 |
| Sielkunde | SIL115 | Sielkunde | SIL175 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP400 | Verpleegkunde Prakties | VRP411 (vir herhalers) |
| Verpleegkunde Teorie | VRT215 | Verpleegkunde Teorie | VRT127 en 226 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT225 | Verpleegkunde Teorie | VRT216, VRT226, VRT318 en VRT328 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT115 | Verpleegkunde Teorie | VRT117 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT125 en VRT126 | Verpleegkunde Teorie | VRT127 |

Aangesien sekere modulekodes vanaf 2002 gewysig het, geld die volgende gelykstellings:

| Naam van kursus | Kode | Naam van kursus | Kode |
|---|---|---|---|
| Chemie | CEM113 | Chemie | CEM112 |
| Sielkunde | SIL115 | Sielkunde | PSF112 en PSF132 |
| Sielkunde | SIL385/325 | Sielkunde | PSY222 en PSY242 |
| Fisiologie | FFB125 | Fisiologie | FFB123 |
| Fisiologie | FFB215 | Fisiologie | FFB213 |
| Mikrobiologie | MCB113 | Mikrobiologie | MCB212 en MCB232 |
| Mikrobiologie | MCB245 | Mikrobiologie | MCB222 en MCB242 |
| Geneeskundige Fisika | BFS115 | Geneeskundige Fisika | BFS312 |
| Wysbegeerte | WYS115 | Wysbegeerte | WYS112 en WYS132 |
| Wysbegeerte | WYS125 | Wysbegeerte | WYS122 en WYS142 |
| Sosiologie | SOS225 | Sosiologie | SOS222 en SOS242 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT117 | Verpleegkunde Teorie | VRT116 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT127 | Verpleegkunde Teorie | VRT128 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP110 | Verpleegkunde Prakties | VRP114 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP120 | Verpleegkunde Prakties | VRP124 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT216 | Verpleegkunde Teorie | VRT217 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT226 | Verpleegkunde Teorie | VRT229 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP210 | Verpleegkunde Prakties | VRP214 |

| Naam van kursus | Kode | Naam van kursus | Kode |
|---|---|---|---|
| Verpleegkunde Prakties | VRP220 | Verpleegkunde Prakties | VRP224 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP310 | Verpleegkunde Prakties | VRP311 en VRP312 = VRP314 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP404 | Verpleegkunde Prakties | VRP414 |
| Verloskunde Verpleegkunde Prakties | VRP402 | Verloskunde Verpleegkunde Prakties | VRP404 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT318 | Verpleegkunde Teorie | NUR316 |
| Gesondheidsorg-dinamika | VRT319 | Gesondheidsorg-dinamika | GSD314 |
| Verpleegkunde Teorie | VRT328 | Verpleegkunde Teorie | NUR326 |
| Verpleegkunde Prakties | VRP400 | Verpleegkunde Prakties | VRP411 (herhalers) |
| Verpleegkunde Prakties | VRP320 | Verpleegkunde Prakties | VRP324 |
| Navorsingsprojek | VRT403 | Navorsingsprojek | VRT402 |
| Navorsingsprojek | VRT403 of VRT402 | Sosiologie (Navorsing) | SOS242 en SOS382 |
| Anatomie | ANB125 | Anatomie | ANB124 |
| Anatomie | ANB215 | Anatomie | ANB224 |
| Farmakologie | FRM215 | Farmakologie | FRM212 |
| Farmakologie | FRM225 | Farmakologie | FRM222 |
| Verloskundige Verpleegkunde | VRT316 en VRT326 | Verloskundige Verpleegkunde | VRT416 = VRT419 of VRT429 |
| Verloskundige Verpleegkunde | VRT316 en VRT326 | Verloskundige Verpleegkunde | VRT426 = VRT429 |
| Psigiatriese Verpleegkunde | VRT317 en VRT327 | Psigiatriese Verpleegkunde | VRT417 = PST419 of PST429 |
| Psigiatriese Verpleegkunde | VRT317 en VRT327 | Psigiatriese Verpleegkunde | VRT427 = PST419 of PST429 |
| Psigiatriese Verpleegkunde Prakties | VRP411 en VRP422 | Psigiatriese Verpleegkunde Prakties | PSP414 of PSP424 |

Aangesien sekere modulekodes vanaf 2003 gewysig het, geld die volgende gelykstellings:

| Naam van kursus | Kode | Naam van Kursus | Kode |
|---|---|---|---|
| Verloskunde teorie | VRT419 | Verloskunde teorie | VER415 en VER424 |
| Verloskunde teorie | VRT429 | Verloskunde teorie | VER415 en VER424 |
| Psigiatrie teorie | PST419 | Psigiatrie teorie | PSI415 en PSI424 |
| Psigiatrie teorie | PST429 | Psigiatrie teorie | PSI415 en PSI424 |
| Psigiatrie praktika | PSP414 | Psigiatrie praktika | NPP404 |
| Psigiatrie praktika | PSP424 | Psigiatrie praktika | NPP404 |

Aangesien sekere modulekodes vanaf 2004 gewysig het, geld die volgende gelykstellings:

| Naam van kursus | Kode | Naam van Kursus | Kode |
|---|---|---|---|
| Sosiologie | SOS242 en SOS382 | Sosiologie | SOS324 |

Aangesien sekere modulekodes vanaf 2005 gewysig het, geld die volgende gelykstellings:

| **Naam van kursus** | **Kode** | **Naam van Kursus** | **Kode** |
|---|---|---|---|
| Mikrobiologie | MCB212 en MCB232 | Mikrobiologie | MCB214 |
| Mikrobiologie | MCB222 en MCB242 | Mikrobiologie | MCB224 |
| Anatomie<br>Fisiologie | ANB124<br>FFB123 | Anatomie en<br>Fisiologie teorie<br>Anatomie en<br>Fisiologie prakties | <br>BMN124<br><br>BMN143 |
| Anatomie<br>Fisiologie | ANB214<br>FFB213 | Anatomie en<br>Fisiologie teorie<br>Anatomie en<br>fisiologie prakties | <br>BMN214<br><br>BMN233 |

Aangesien sekere modulekodes vanaf 2008 gewysig het, geld die volgende gelykstelling:

| **Naam van kursus** | **Kode** | **Naam van Kursus** | **Kode** |
|---|---|---|---|
| Sosiologie | SOS324 | Navorsing | RES304 |
| Sielkunde | PSY132 | Sielkunde | PSY152 |
| Sielkunde | PSY222 | Sielkunde | PSY312 |
| Sielkunde | PSY242 | Sielkunde | PSY332 |
| Sosiologie | SOS222 | Sosiologie | SOS224 |

Aangesien sekere modulekodes vanaf 2009 gewysig het, geld die volgende gelykstelling:

| **Naam van kursus** | **Kode** | **Naam van Kursus** | **Kode** |
|---|---|---|---|
| Sielkunde | PSY312/PSY332 | Sielkunde | PSY224 |

## Reg V12: DUUR VAN PROGRAM

Studente wat na die minimum duur van die studie van die betrokke graad plus 2 (twee) jaar ( bereken vanaf die datum van eerste registrasie by die Universiteit), nog nie `n graad behaal het nie, sal nie toegelaat word om hul studies sonder die toestemming van die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe te voltooi nie.

## LEERINHOUDE

Die temas van modules en omvang van vraestelle en krediete word in Tabel 2 uiteengesit.

## VERPLEEGKUNDE

Die teoretiese onderbou van die onderstaande generiese en spesifieke verpleegvaardighede wat verband hou met die teoretiese inhoude van modules word in die verpleegkunde modules waar van toepassing aangebied:

- Probleemoplossing

- Toepassing van allesomvattende gesondheidsorg
- Implementering van primêre gesondheidsorgbeginsels
- Hantering van etiese vraagstukke
- Beoefening van professionele praktyk
- Bestuur
- Kommunikasie
- Pasiëntverwysing
- Toepassing van wetgewing
- Effektiewe gebruik van tegnologie

TABEL 2: Temas van modules en omvang van vraestelle en krediete

| Modules en vraestel | Temas | Krediete |
|---|---|---|
| Verpleegkunde Teorie<br>VRT116<br>Een vraestel van 3-uur | - Gemeenskapsberaming en diagnose<br>- Gemeenskapsontwikkeling<br>- Aspekte van primêre gesondheidsorg<br>- Omvattende gesondheidsorg<br>- Basiese menslike behoeftes<br>- Inleiding tot oordraagbare siektes<br>- Professionele Praktyk | 24 |
| Verpleegkunde Teorie<br>VRT128<br>Twee vraestelle van 2-uur elk | **Vraestel 1**<br>- Gesinsorg<br>- Ontwikkelingstadia van die mens<br>- Krisisidentifisering<br><br>**Vraestel 2**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van die:<br>- MIV en VIGS<br>- Dermatologie<br>- Voeding<br>- Oor, neus en keel<br>- Wondsorg | 32 |
| Verpleegkunde Teorie<br>VRT217<br>Een vraestel van 3-uur | - Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van die immuunonderdrukking<br>- 'n IMCI (Integrated Management of Childhood Illnessess)-module soos deur die WGO saamgestel, word aangebied. Dit behels die vyf hoofoorsake van kindersterftes (0-5 jaar), nl. diarree, koors, respiratoriese probleme, bloedverwante siektes en voedingsgebreke<br>- Professionele Praktyk | 28 |
| Verpleegkunde Teorie<br>VRT229<br>Twee vraestelle van 2-uur elk | **Vraestel 1**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die | 36 |

| | | |
|---|---|---|
| | identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van:<br>- Reproduktiewe stelsel<br>- Muskuloskeletale stelsel en<br>- Oftalmologie<br>- Professionele Praktyk<br><br>**Vraestel 2**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individuele en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van die:<br>- Kardiovaskulêre stelsel (hipertensie en borskaspyn)<br>- Endokrinologie<br>- Mammae (bors) en<br>- Gastroïntestinale stelsel | |
| Verpleegkunde Teorie<br>NUR316<br>Twee vraestelle van 2-uur elk | **Vraestel 1**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van:<br>- Pyn<br>- Skok<br>- Peri-operatiewe versorging<br>- Pulmonologie<br>- brandwonde<br><br>**Vraestel 2**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van die:<br>– kardiovaskulêre en<br>- gastroïntestinale stelsels | 24 |
| Verpleegkunde Teorie<br>NUR326<br>Twee vraestelle van 2-uur elk | **Vraestel 1**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van die:<br>– muskuloskeletale<br>– nefrologiese en<br>- oftalmologiese stelsels | 24 |

| | | |
|---|---|---|
| | **Vraestel 2**<br>Die gebruik van die verpleegproses in die identifisering en hantering van basiese- en geselekteerde gesondheidsbehoeftes en die identifisering en behandeling van geselekteerde akute en algemene siektetoestande van individue en/of groepe in enige ontwikkelingsfase ten opsigte van die:<br>- neurologiese stelsels<br>- geselekteerde akute, chroniese en algemene werksverwante siekte-toestande | |
| Gesondheidsorgdinamika<br>GSD314<br>Een vraestel van 3-uur | - Geskiedenis van verpleging<br>- Organisering en regulering van die verpleegprofessie in Suid-Afrika<br>- Beginsels, metodes en tegnieke vir die administrasie en bestuur van 'n gesondheidsdienseenheid, insluitend privaat-praktyk<br>- Beginsels, metodes en tegnieke van kliniese onderrig en kliniese evaluering | 16 |
| Verloskundige Verpleegkunde<br>VER415<br>Een vraestel van 3-uur | - Die gebruik van die verpleegproses in die bepaling van die status van swangerskap, die lewering van voorgeboorte sorg, die behartiging van normale baring en met die nageboortelike versorging van die moeder en die normale baba. | 20 |
| Verloskundige Verpleegkunde<br>VER424<br>Een vraestel van 3-uur | - Die gebruik van die verpleegproses in die behartiging van abnormale baring, die komplikasies van swangerskap en met die nageboortelike versorging van die moeder<br>- Die gebruik van die verpleegproses in die behartiging van pasgeborenes met abnormaliteite en komplikasies | 16 |
| Psigiatriese Verpleegkunde<br>PSI415<br>Een vraestel van 3-uur | - Die gebruik van die verpleegsorgproses in die behandeling van individue en groepe met algemene psigiatriese toestande. | 20 |
| Psigiatriese Verpleegkunde<br>PSI424<br>Een vraestel van 3-uur | - Die gebruik van die verpleegsorgproses in die behandeling van individue en groepe met algemene psigiatriese toestande.<br>- Verpleegsorg van geestesvertraagdes<br>- Kinderpsigiatrie | 16 |
| Sielkunde<br>PSY152<br>Een vraestel van 1-uur | - Stres, hantering en verskeie aspekte van gesondheid en welsyn<br>- Hanteringsmeganismes van angs, mislukking, depressie, interpersoonlike konflik, verlies en siekte | 8 |
| Sielkunde<br>PSY224<br>Een vraestel van 1-uur | Die doel van die module is om studente voor te stel aan menslike ontwikkeling van konsepsie tot adolessensie. | 16 |
| Sosiologie<br>SOS152<br>Deurlopende evaluering | - Inleiding tot samelewing en bevolking<br>- Gesondheid/siekte gedrag<br>- Terapeut-pasiënt verhouding<br>- Gesondheidsorgsisteme<br>- Geskiedenis van hospitaal<br>- Funksionering van 'n hospitaal<br>- Impak van gevorderde gesondheidsorg tegnologie op die samelewing | 8 |

| | | |
|---|---|---|
| Sosiologie<br>(Werkplekvraagstukke in industriële Suid-Afrika)<br>SOS224<br>Deurlopende evaluering | Afgesien van die verskillende teorieë van werk waardeur die leerder bruikbare insigte aangaande die organisasie van werk bekom, word in hierdie module ook aandag gegee aan die evolusie van werk, industriële demokrasie en werkerdeelname, strategieë om ongelykheid in die werkplek, die probleem van werkloosheid en arbeidsproduktiwiteit aan te spreek. | 16 |
| Navorsing<br>RES304 | - Die stappe in die navorsingsproses;<br>- Kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing;<br>- Beginsels en tipes van steekproeftrekking;<br>- Navorsingsetiek;<br>- Vereistes vir 'n uitvoerbare navorsingsvoorstel;<br>- Wyses en tegnieke van data-insameling.<br>- Meting van konsepte en veranderlikes;<br>- Dataverwerking;<br>- Data-interpretasie (die lees van enkelveranderlike en bi-veranderlike tabelle);<br>- Die skryf van 'n navorsingsverslag. | 16 |
| Chemie<br>CEM112<br>Een vraestel van 1-uur | - Energie en materie (eienskappe en fases van materie, faseveranderinge, die rol van energie in faseveranderinge, samestelling van materie).<br>- Struktuur van materie (fundamentele entiteite binne die atoom, isotope, rangskikking van elektrone in die atoom energie-subvlakke, die periodieke tabel).<br>- Chemiese binding (molekules, stabiliteit van die atoom, simbole en formules, elektron-punt strukture, ioonvorming, kovalente en ioniese binding, oksidasiegetalle, persentasie-samestelling).<br>- Radioaktiwiteit (alfa-, beta-, gamma- en X-strale, meting van stralingintensiteit, halfleeftyd, radio-isotope in geneeskunde).<br>- Chemiese vergelykings en reaksies (balansering van chemiese vergelykings, chemiese ewewig, reaksiekinetika).<br>- Die gastoestand (die kinetiese molekulêre teorie, gekombineerde gaswette, lugbesoedeling, gesondheidsgevare van besoedeling).<br>- Suurstof en ander gasse (fisiese en chemiese eienskappe, bereiding en mediese toepassing van 'n reeks gasse).<br>- Oksidasie en reduksie (basiese begrippe in redokschemie, belangrikheid van redoksreaksies in die gesondheidswetenskappe).<br>- Water (fisiese en chemiese eienskappe, suiwering en gebruike van water).<br>- Vloeistofmengsels (eienskappe en konsentrasie van oplossings, isotoniese-, hipotoniese- en hipertoniese oplossings, diffusie en osmose in lewende selle).<br>- Sure en basisse (chemiese eienskappe van sure en basisse, mediese toepassings, sterk en swak sure/basisse, die pH-beginsel, pH en gesondheid). | 8 |

| | | |
|---|---|---|
| | - Soute (vorming en mediese toepassing van soute, bufferoplossings).<br>- Organiese chemie (inleiding tot organiese chemie, alkane, alkohole, eters, organiese sure, die mediese belangrikheid en toepassings van organiese verbindings). | |
| Mikrobiologie<br>(Inleiding ł)<br>MCB214<br>Een vraestel van 3 uur | Geskiedenis van mikrobiologie, terminologie en toepassings in alledaagse lewe. Selteorie en selsamestelling, belang van selmetabolisme en voortbestaan van die sel, evolusie van mikrobes, belangrike genetiese kenmerke in evolusionêre patroon, natuurlike indeling van mikroörganismes. Verskille tussen prokariote en eukariote. Klassifikasie, ekologie en ekonomiese belang, van alge, protosoë en fungi. Simbiotiese verwantskappe en lewenssiklusse van elke groep. Basiese selstruktuur van verskeie prokariote. Tegnieke om seltipes te bestudeer. Rickettsias, bakterieë en virusse -belang, klassifikasie en lewenssiklusse. Mikrobiese voedingsklasse, selektiewe en ander kwekingstegnieke, invloed van omgewingsfaktore op populasies. Groeivergelykings, telmetodes: totale en lewende tellings, faktore wat mikrobiese afsterwing beïnvloed, antimikrobiese agente.<br>Bakterieë: klassifikasie, onderskeidende kenmerke, belang, voedingsgroepe en fisiologie, stikstof- en swaelsiklus in die natuur. Voedselvergiftiging: vergiftiging deur inname van mikroörganismes en mikrobiese gifstowwe geassosieer met besmette voedsel. Mikrobe genetika: vloei van DNS na proteïen en beheermeganismes. Beginsels en definisies van mutasies, rekombinasie, geen-oordrag, plasmiede en mobiele genetiese elemente. Mikrobe Biotegnologie: konvensionele en moderne biotegnologie, toepassingsvelde in industrie. Immunologie: belangrike geskiedkundige gebeure, definisies en terminologie, nie-spesifleke en spesifieke weerstand. | 16 |
| Mikrobiologie<br>(Praktiese groei en afsterwing)<br>MCB224<br>Een vraestel van 3 uur | - Mikrobiese tellings: Totale tellings (direkte en indirekte metodes), lewende tellings.<br>- Mikrobiese groei: Groeivergelykings: Eksponensiële groei en die algemene groeivergelyking, berekening van spesifieke groeisnelheid, verdubbelingstyd en opbrengskoëffisiënt. Die Monod-vergelyking. Groeikrommes: fases, lineêre groei. Suurstof as substraat: effek op groei, suurstofvoorsiening en volumetriese oordragkoëffisiënt.<br>- Mikrobiese afsterwing: Meting van afsterwingstempo, desimale reduksietyd, Z-waarde. Hittebestandheid. Faktore wat afsterwing beïnvloed. Praktiese toepassing van hitte-doding. Die invloed van ander antimikrobiese agense: bestraling, fisiese en chemiese agense.<br>- Totale en lewende tellingsmetodes. Mikroskopie. Bakterie-isolasies op selektiewe en differensiële media. Groei- en afsterwingskrommes: bepaling van kinetiese parameters; effek van omgewingstoestande. Lewensvatbaarheid- | 16 |

| | | |
|---|---|---|
| | bepaling van gisselle. Studente sal ook 'n rekenaargesteunde selfdoenmodule in bakteriegroei voltooi.<br>- Mikrobiese voeding: Koolstof-, stikstof- en mineraalbronne, groeifaktore. Voedingsklasse. Formulering van kultuurmedia. Buffers en pH. | |
| Anatomie en Fisiologie<br>BMN124<br><br>Een vraestel van 3-uur | - Inleiding, terminologie en basiese Embriologie<br>- Skeletale stelsel<br>- Artikulêre stelsel<br>- Spierstelsel<br>- Spysverteringstelsel<br>- Chemiese samestelling van die liggaam<br>- Voeding en metabolisme<br>- Spysverteringsfisiologie<br>- Respirasiefisiologie.<br>- Vel en liggaamstemperatuur<br>- Outonome senuweestelsel<br>- Basiese senuweefisiologie<br>- Fisiologie van bloed<br>- Liggaamsbeskerming | 16 |
| Anatomie en Fisiologie<br>BMN214<br>Een vraestel van 3-uur | - Sirkulatoriese stelsel<br>- Respiratoriese stelsel<br>- Senuweestelsel<br>- Sinsorgane en die huid<br>- Urogenitale stelsel<br>- Endokriene stelsel<br>- Kardiovaskulêre fisiologie<br>- Endokriene fisiologie<br>- Geslagsfisiologie en fisiologie van swangerskap<br>- Nierfisiologie<br>- Suurbasisbalans<br>- Somatiese senuweestelsel | 16 |
| Farmakologie<br>FRM212<br>Een vraestel van 3-uur | - Farmakokinetika en farmakodinamika<br>- Roetes van toediening, formulerings en wetgewing<br>- Antimikrobe geneesmiddels<br>- Antifungus, antivirale en antihelmintiese middels<br>- Antituberkulose geneesmiddels<br>- Protosoale infeksies (insluitend malaria) en Rickettsiae<br>- Analgetika<br>- Diuretika<br>- Vog en elektroliete<br>- Vitamiene<br>- Antihistamiene<br>- Geneesmiddels gebruik in die behandeling van hematologiese toestande | 8 |

| | | |
|---|---|---|
| Farmakologie<br>FRM222<br>Een vraestel van 3-uur | - Endokriene farmakologie<br>- Farmakologie en die outonome senuweestelsel<br>- Die kardiovaskulêre stelsel<br>- Die respiratoriese stelsel<br>- Neuropsigofarmakologie<br>- Maagdermkanaal<br>- Dermatologie<br>- Urogenitale farmakologie<br>- Oogfarmakologie<br>- Noodtoestande en narkosemiddels<br>- Kanker chemoterapie<br>- Farmakogenitika<br>- Geneesmiddels in ekstreme ouderdomme, swangerskap en laktasie<br>- Geneesmiddelinteraksies<br>- Vergiftigings<br>- Middelmisbruik en –afhanklikheid<br>- Terapeutiese geneesmiddelbeheer en voorskrifmetodes | 8 |
| Geneeskundige Fisika<br>BFS312<br>Een vraestel van 3-uur | Hierdie kursus is daarop gemik om die toepassings in Fisika in die werksomgewing van die verpleegkundige uit te lig. Die doel is om die fisiese beginsels in die werking van apparatuur uit te lig om sodoende 'n beter insig in die werking daarvan te verkry en ook om probleme analities te benader. Die apparatuur wat behandel word, strek oor 'n wye front insluitende die bloeddruk apparaat, EKG monitors, druptellers, suigapparaat, dialise masjiene, ultraklankapparaat ens. Daar word ook gekyk na kliniese toepassings van fisika bv. die elektriese werking van die hart, hitte generering in die mens, koors behandeling, die fisiese werking van die nier ens. Daar word ook in breë gekyk na radioaktiwiteit en straling t.o.v. die toepassings in radioterapie, diagnostiese radiologie en kerngeneeskunde asook stralingsbeskerming. | 8 |